# GRAAD 12 AFRIKAANS HUISTAAL

# LEESBEGRIPOEFENINGE

**WKOD Voorbeeldvraestel September 2011**

Lees die tekste hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**FILMRESENSIE**

**Menslike fliek wat jou raak**

***The King's Speech***

**Met: Colin Firth, Helena Bonham Carter, Geoffrey Rush, Timothy Spall en ander. Regie: Tom Hooper. Ouderdomsperk: 13TV. Soortgelyke fliek: Shine**

1. Dit is die verhaal van die gewone man wat 'n groot koning bygestaan het. 'n Koning wat eers nie gedink het hy is van die stoffasie om een te wees nie, want as hy sy mond oopmaak, kom daar die onsinnige brabbeltaal van 'n stommerik uit.

2. Koning George VI (Colin Firth) moes die troon bestyg nadat sy broer Edward geabdikeer het. Hy sou die koning word met wie sy onderdane kon identifiseer omdat hy deur sy spraakprobleem sy menslikheid geopenbaar het, maar tog altyd waardig sy man gestaan het.

3. Die prent fokus op sy "lesse" by die eksentrieke, selfgeleerde "spraakterapeut" Lionel Logue (Geoffrey Rush). Logue sou by die sielkundige wortel van die kwaad uitkom. Hoekom hakkel George (oftewel Bertie)? Wie of wat het veroorsaak dat hy nie sy sê kan sê nie?

4. Hier ontwikkel 'n spesiale verhaal van 'n besondere vriendskap tussen twee volwasse mans. Al mog Bertie blou bloed hê en al mog dit vereis dat mense wat in sy nabyheid kom nie te eie moet raak nie, omseil Logue dit.

5. Sy medemenslikheid en reguit blik lok Bertie uit; vir die eerste keer vertrou hy 'n nie-adellike. Hulle word lewenslange vriende.

6. Die samespel tussen die twee mans is perfek ingestem.

7. Rush kan hierdie soort ondersteunende rol uit sy baadjiemou skud. Sy Logue is heerlik uitlokkend en eksentriek.

8. Firth speel sonder goedkoop emosie. Hy werk oudergewoonte kliphard, maar laat dit soos tweede natuur lyk. Sy Bertie is dadelik in jou hart; hy is die spilpunt van daardie kil koninklike gesin.

9. *The King's Speech* is 'n menslike fliek wat jou ráák, wat jy lank met jou saamdra, al voel jy 'n veer vir die Britte en hul beheptheid met koninklikes.

[Verwerk uit: ***Beeld***, 11 Februarie 2011]

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Waarom kon Koning George VI se onderdane hulself volgens die teks met hom vereenselwig? Skryf EEN sin neer. | (2) |
| 1.2 | Watter twee faktore kon volgens die teks in die pad van die twee mans se verhouding staan? Skryf EEN sin neer. | (2) |
| 1.3 | Watter eienskappe van Logue het veroorsaak dat Bertie hom vertrou het? Skryf EEN sin neer. | (2) |
| 1.4 | Herlees paragrawe 7 en 8. Watter aspek van die film word in hierdie paragrawe beoordeel? 'n Volsin is nie nodig nie. | (1) |
| 1.5 | Verduidelik in jou eie woorde wat bedoel word met "Rush kan hierdie soort ondersteunende rol uit sy baadjiemou skud." (paragraaf 7). | (1) |
| 1.6 | Wat bedoel die resensent met "Sy Bertie <u>is dadelik in jou hart</u>" (paragraaf 8)? | (1) |

1.7 Wat word in die slotparagraaf bedoel met "… al voel jy 'n veer vir die Britte en hul beheptheid met koninklikes."? (1)

**EN**

**BOEKRESENSIE**

**Die storie agter die storie**

***The King's Speech: How One Man Saved the British Monarchy*** **deur Mark Logue en Peter Conradi. Quercus. R185**

1. Jy het die Oscar-bekroonde fliek gesien, nou vir die boek.

2. Waar dit vir baie van ons heilige grond is om 'n fliek van 'n goeie boek te maak, het die skrywers van dié een eers daaraan begin skryf toe die proses met die fliek reeds aan die gang was.

3. Mark Logue is die kleinseun van Lionel Logue, die spraakterapeut wat koning George VI van Brittanje met sy hakkelprobleem gehelp het. Conradi, sy medeskrywer, is 'n joernalis.

4. Dié boek vertel die lewensgeskiedenis van sowel Logue sr. as die prins wat koning geword het nadat sy ouer broer geabdikeer het om met die geskeide Wallis Simpson te trou, asook hoe die paaie van die Australiër sonder enige kwalifikasies met dié van die prins begin saamloop het.

5. Met biografieë is 'n mens altyd lugtig, want alle lewenstories is nie ewe interessant nie, selfs al is grepe daaruit aangrypend.

6. In sowel Logue as George (Bertie) se gevalle word die storie in net die regte tempo vertel sodat dit nie in onbenullighede vasval nie. Dit getuig van vaardige vertelwerk dat die Tweede Wêreldoorlog ook so netjies opgesom word.

7. Die vernaamste verskil tussen die fliek en die boek is waarskynlik die sielkundige impak wat Logue volgens die fliek in George se lewe sou gehad het, maar wat in die boek ontken word.

8. Die boek is onder meer op talle briewe en dagboekinskrywings van Logue en sy vrou, Myrtle, gegrond. Dit kom voor of daar weinig aannames is wat nie gestaaf kan word nie.

9. 'n Mens moet aanvaar dat emosie nooit veel aandag kry as die geskiedenis opgeteken word nie en as die Logues die stywe Britse bolip-gewoontes aangeleer het, sou die briewe en dagboeke nou nie juis van emosie oorgeloop het nie.

10. Kyk én lees en besluit self of jy met albei kan saamlewe.

[Verwerk uit: ***Beeld***, 5 Februarie 2011]

1.8 Noem een bewys dat hierdie teks 'n boekresensie is. 'n Volsin is nie nodig nie. (1)

1.9 Waarom meen die resensent dat 'n mens versigtig moet wees wanneer jy biografieë lees? Skryf EEN sin neer. (1)

1.10 Noem twee sterkpunte van die boek wat die skrywer in paragraaf 6 aanraak. Skryf EEN volsin. (2)

1.11 Dui aan of die stelling in paragraaf 7 'n feit of 'n mening is. Motiveer jou antwoord. (1)

1.12 Wat kan die leser uit die woorde "onder meer" in paragraaf 8 aflei? Skryf EEN volsin

neer. (1)

1.13 Wat impliseer die resensent in paragraaf 9 omtrent die Britte? Skryf EEN volsin neer. (1)

1.14 Waarna verwys die woord “albei” in paragraaf 10? ’n Volsin is nie nodig nie. (1)

1.15 Haal drie woorde uit paragraaf 4 van die boekresensie aan wat verklaar waarom die woord “spraakterapeut” in paragraaf 3 van die filmresensie tussen aanhalingstekens geskryf word. (1)

**WKOD Gemeenskaplike Vraestel, September 2012**

Lees die tekste hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**SA, jou ster!**

**Die “Square Kilometre Array Radio Telescope” of SKA is die wêreld se grootste radioteleskoop. Dit sal uit baie groot antennas bestaan. Die totale oppervlakte van die antennas sal ongeveer een vierkante kilometer wees.**

1. Die “Square Kilometre Array Radio Telescope” (SKA) sal in ’n week waarskynlik meer inligting insamel as wat die mensdom in sy bestaan al bymekaargemaak het.

2. So het dr. Bernie Fanaroff, hoof van SKA-Afrika, gesê.

3. Suid-Afrika het gister gehoor twee-derdes van die SKA-radioteleskoopprojek sal in Afrika gevestig word, met ’n derde in Australië en Nieu-Seeland.

4. Prof. Justin Jonas, adjunkdirekteur van die Suid-Afrikaanse SKA-span, het gesê die projek is ’n nuwe era vir Afrika.

5. Volgens Jonas werk sterrekundiges en ingenieurs in Suid-Afrika al tien jaar aan hierdie projek, in noue samewerking met die regering van die Noord-Kaap en ander belangegroepe.

6. “Ons het die kriteria vir die SKA-terrein in detail bestudeer en ons terrein uiters sorgvuldig gekies,” verduidelik hy. “Dit moes afgeleë genoeg wees vir radiostilte sodat die teleskoop optimaal kan werk, maar nie so ver verwyderd dat infrastruktuur te duur sou wees nie.”

7. “Suid-Afrika het ’n baie deeglike bod ingedien, maar dit was veral die hoogte bo seespieël van ons voorgestelde terrein – 1 000 m – en ons robuuste implementeringsplan vir die SKA wat die skaal in ons guns laat swaai het,” het hy gesê.

8. Me Naledi Pandor, minister van wetenskap en tegnologie, het gesê al is daar op die “gedeelde-terrein-oplossing” besluit, is daar baie redes om fees te vier.

9. Sy het gesê die SKA se terrein-aanbevelingskomitee het Suid-Afrika by konsensus as die beter terrein gekies. Om inklusief te wees, het die organisasie ingestem om een van die drie dele van die SKA in Australië te huisves.

10. Op ’n vraag of dit ’n politieke besluit was, het sy gesê: “Dit is bekend dat Australië gekla het (nadat die terrein-aanbevelingsverslag ingedien is).

11. “My vraag is: Indien Australië deur die komitee aanbeveel is, sou iemand na Afrika se klagtes geluister het?”

12. Pandor het gesê die SKA sal “honderde wetenskaplikes” na die SKA-terrein naby Carnarvon in die Noord-Kaap lok, menslike kapitaal uitbou en wetenskaptoerisme na die Noord-Kaap aanwakker.

13. Die SKA-projek kan sorg vir ’n broodnodige ekonomiese inspuiting vir Suid-Afrika en veral vir die afgeleë Noord-Kaap, waar erge armoede heers en werk skaars is. Die projek sal na verwagting etlike duisende werkgeleenthede skep.

14. Yolandi Groenewald skryf in *City Press* van 8 Julie 2012 dat Carnarvon iewers tussen êrens en nêrens geleë is.

15. Maar hierdie ligging, skryf sy, is nou tot groot voordeel van die dorp: Carnarvon is in die hart van die SKA-terrein.

16. Waarom juis Carnarvon? Want die wêreld se grootste radioteleskoop het stilte nodig. En die Karoolandskap rondom Carnarvon het dít in oorvloed.

17. Gemeenskapsleiers van Carnarvon het die SKA-aankondiging verwelkom:

18. **Ellen Riley, ’n raadslid in die Kareeberg-munisipaliteit**: “Ons wou dit graag alleen gehad het, maar dit is nie te versmaai as ons die bod met hulle (Australië) deel nie. Dit is ’n aanwins vir die Noord-Kaap, Carnarvon en die Karoo. Ek glo dat ons hulle mettertyd sal verbysteek.”

19. **Danie van Schalkwyk, eienaar van die Meerkat Manor-gastehuis**:”Dit gaan vir ons baie beteken, veral die geld wat die lande hier gaan belê. Ons kry klaar toeriste wat in dié soort ding belangstel, en ek dink dit gaan meer toeriste lok en dit gaan ook meer werk skep.”

20. **Past. Quinton Liebenberg van die African Methodist Episcopal Church:** “Die feit dat ons oorweeg is om die grootste deel van die SKA te huisves, beteken dat ons as ’n land van moontlikhede erken word. Ek dink die potensiaal van Afrika word nou erken. Die feit dat ons die grootste deel kry, is ’n oorwinning. Ek dink dit was ’n uitklophou vir Australië.”

21. Mag Suid-Afrika se ster helder skyn in die internasionale wetenskaplike hemelruim.

[Verwerk en vertaal uit: ***Beeld***, 25 Mei 2012, ***Die Burger***, 26 en 29 Mei 2012 en ***City Press***, 8 Julie 2012]

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Is die sin in paragraaf 1 ‘n feit of ‘n mening? Motiveer jou antwoord. | (2) |
| 1.2 | Wat was die kriteria waaraan die SKA-terrein moes voldoen? Beantwoord in een volsin. | (2) |
| 1.3 | Skryf ‘n woord uit die leesstuk neer wat “die beste” beteken. | (1) |
| 1.4 | Watter twee faktore het volgens prof. Jonas die deurslag gegee dat die bod aan Suid-Afrika toegeken is? ‘n Volsin is nie nodig nie. | (2) |
| 1.5 | Watter verklaring word in die leesstuk vir “gedeelde-terrein-oplossing” (paragraaf 9) gegee? | (2) |
| 1.6 | Skryf twee opeenvolgende woorde uit die leesstuk neer wat beteken “ooreenstemming in menings”. | (1) |
| 1.7 | Wat is die geïmpliseerde betekenis van die vraag in paragraaf 11? | (2) |
| 1.8 | Die woord “ekotoerisme” verwys na toerisme met die doel om die natuur te bewaar. Hoe sal jy die begrip “wetenskaptoerisme” (paragraaf 12) verklaar? | (1) |
| 1.9 | Watter twee probleme wat die Noord-Kaap teister, sal moontlik deur die SKA-projek aangespreek word? Skryf slegs twee woorde neer. | (2) |
| 1.10 | Herlees paragraaf 14. Wat was Yolandi Groenewald se aanvanklike houding teenoor Carnarvon? | (1) |

1.11 Kies die korrekte antwoord uit die keuses hieronder en skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die uitdrukking "*in die hart van die SKA-terrein"* (paragraaf 15) beteken dat …

A. die SKA-terrein alle dele van Carnarvon insluit.
B. die SKA-projek se hoofkantoor in Carnarvon gesetel is.
C. Carnarvon in die middel van die SKA-terrein geleë is.
D. Carnarvon die enigste dorp is wat by die SKA-projek sal baatvind. (1)

1.12 Wat is die ooreenkoms tussen die kommentaar van Raadslid Ellen Riley en Pastoor Quinton Liebenberg (paragrawe 18 en 20)? Begin jou antwoord so: Albei verwys na ... (1)

1.13 Watter afleiding kan die leser oor mnr Danie van Schalkwyk maak na aanleiding van sy verwysing na "toeriste wat in dié soort ding belangstel" (paragraaf 19)? (1)

**WKOD: SEPTEMBER 2013**
**VRAAG 1: REDAKTEURSBRIEF, GRAFIEK**

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**Wegrikaans: loslit of korrek?**

1. Een van die lekkerste dinge daarvan om by *Weg* te werk, is om elke dag saam met joernaliste en lesers op reis te gaan – al is dit net van hier voor my rekenaar af terwyl ek hulle stories lees en foto's kyk.

2. Maar die plekke waar hulle was, en dit wat hulle langs die pad gesien het, is net deel daarvan.

3. Die eintlike lekker is om elke keer met verwondering te lees hoe hulle met woorde op eg Afrikaanse en Suid-Afrikaanse manier lewe gee aan 'n plek of ervaring.

4. Selfs al is dit oor iets redelik alledaags soos die skemer:
"Miskien is dit Namibië se hitte – die hitte en die helder, oop lug wat maak dat 'n mens so bewus is van die skemer daar. Dis amper asof skemer die dag se manier is om vir jou te sê, jou gerus te stel: Alles is nie net 'n stryd om oorlewing nie. Daar is darem genade ook." (Dana Snyman, *Weg* #42 se bylae)

5. As ek woorde soos hierdie lees, besef ek opnuut hoekom ek so lief vir Afrikaans is. In watter ander taal kan die siel, die hart van wie ons is, so goed verwoord word?

6. Dis alles goed en wel, maar...

7. *Weg* is en was nog altyd trots Afrikaans, en ons roem ons op 'n ontspanne, idiomatiese en innoverende gebruik van die taal.

8. Maar hoewel jy sekere goed net in Afrikaans kan sê, kos dit soms fyn trap om nie die grens tussen standaard-Afrikaans en braaivleisvuur-Afrikaans (te veel) oor te steek nie.

9. Dit knor soms om die balans reg te kry, want die grens tussen "dis hoe mense praat" en plein slegte Afrikaans is 'n baie, baie fyn een.

10. Is woorde soos *pêlle*, *fênsie* of *ghrênd* aanvaarbare Afrikaans of is dit krukke vir 'n lui skrywer?

11. Veral sekere Engelse woorde en uitdrukkings is al só ingeburger in die Afrikaanse volksmond dat dit bra moeilik is om rondom dit te skryf.

12. Dus, moet 'n mens skryf sodat die leser jou nie verkeerd verstaan nie of moet jy in "korrekte" Afrikaans skryf? In sulke gevalle help woordeboeke en spelreëls nie; jy is oorgelaat aan jou instink, of dit reg vóél.

13. Veral motor- en rekenaarterme gee ons hier by *Weg* grys hare, Soms laat dit 'n mens dink aan die grappie van die seuntjie wat in die klaskamer vra: "Juffrou, wat is 'n *tyre* in Engels?"

14. Daar is 'n legio sulke voorbeelde, maar uiteindelik kom dit neer op wat jy, die leser,

verkies.

15. Dink jy *Weg* gebruik té veel loslit-Afrikaans? Of dink jy dis koel? En terwyl iy nou aan die dink is, wat sou *double clutch* in goeie Afrikaans wees?

16. Ek hoor graag van jou. Geniet intussen *Weg* #71!

***REDAKTEUR***

[Aangepas uit: ***Weg***, September 2010]

1.1 Waarna verwys die titel *Wegrikaans*? (2)

1.2 Verduidelik hoe die spreker elke dag op reis gaan. (2)

1.3 Herlees paragrawe 1 tot 3. Skryf nou neer wat volgens die skrywer die heel lekkerste van sy werk by *Weg* is. (3)

1.4 Verduidelik in jou eie woorde waarom die skrywer so lief vir Afrikaans is. (2)

1.5 Skryf 'n woord of 'n frase uit paragraaf 4 neer wat bewys dat Dana Snyman met bespiegeling besig is en nie feite oordra nie. (1)

1.6 Wat word deur die woorde *(te veel)* wat in paragraaf 8 tussen hakies staan, geïmpliseer? (2)

1.7 Tussen watter twee sake probeer *Weg* volgens die skrywer 'n balans handhaaf? (2)

1.8 Verduidelik wat die skrywer in paragraaf 10 bedoel met "*krukke vir 'n lui skrywer*". (2)

1.9 Noem een hulpmiddel wat die joernaliste by *Weg* gewoonlik gebruik om te verseker dat hulle korrek skryf. (1)

1.10 Waarom, dink jy, het die skrywer die woord "*korrekte"* in paragraaf 12 tussen aanhalingstekens geplaas? (2)

1.11 Verduidelik die verband tussen die grappie waarna paragraaf 13 verwys en die inligting wat in paragraaf 11 verskaf word. (2)

1.12 Wat is die belangrikste versoek wat die skrywer in paragraaf 14 tot 16 tot die *Weg*-leser rig? (2)

1.13 Dink jy hierdie versoek aan die leser (die antwoord van 1.12) sal *Weg* se probleem oplos? Motiveer jou antwoord. (2)

**EN**

**Persentasie van die bevolking in ses provinsies wat ’n taal as eerste taal praat**

| Taal | Wes-Kaap | Oos-Kaap | Noord-Kaap | Vrystaat | Kwazulu-Natal | Gauteng |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Afrikaans** | 49.7 | 10.8 | 53.8 | 12.7 | 1.6 | 12.4 |
| **Engels** | 20.2 | 5.6 | 3.4 | 2.9 | 13.2 | 13.3 |
| **isiNdebele** | 0.3 | 0.2 | 0.5 | 0.4 | 1.1 | 3.2 |
| **isiXhosa** | 24.7 | 78.8 | 5.3 | 7.5 | 3.4 | 6.6 |
| **isiZulu** | 0.4 | 0.5 | 0.8 | 4.4 | 77.8 | 19.8 |
| **Sepedi** | 0.1 | 0.2 | 0.2 | 0.3 | 0.2 | 10.6 |
| **Sesotho** | 1.1 | 2.5 | 1.3 | 64.2 | 0.8 | 11.6 |
| **Setswana** | 0.4 | 0.2 | 33.1 | 5.2 | 0.5 | 9.1 |
| **Gebaretaal** | 0.4 | 0.7 | 0.3 | 1.2 | 0.5 | 0.4 |
| **SiSwati** | 0.1 | 0.0 | 0.1 | 0.1 | 0.0 | 1.1 |
| **Tshivenda** | 0.1 | 0.1 | 0.1 | 0.1 | 0.1 | 2.3 |
| **Xitsonga** | 0.2 | 0.0 | 0.1 | 0.3 | 0.0 | 6.6 |

[Verwerk en vertaal uit: ***Census 2011 Census in brief*** ]

1.14 Watter provinsie het die grootste persentasie mense wat Afrikaans as eerste taal praat? (1)

1.15 Watter provinsie het die mees eweredige verskeidenheid tale wat as eerste taal gepraat word? Motiveer jou antwoord. (2)

1.16 Watter aanname wat jy oor die gebruik van Afrikaans as eerste taal gehad het, word deur bostaande statistiek bevestig of weerlê? Verduidelik kortliks hoe jou aanname bevestig of weerlê word. (2)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

**VRAAG 1 (WKOD, September 2014)**
Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**Teks 1: ARTIKEL**

**Ou Kaapstad aan't verkrummel onder staal en glas**

1. Ons verdraagsaamheidsvlakke is al lank terug uitgedaag met die mismaking van die Atlantiese kusstrook en die hawegebied deur rekenaar-ondersteunde-ontwerpjokkies.

2. Maar die verwoesting van Kaapstad duur voort: Die ou korrelrige Tafelberg-granietrandstene wat teen wil en dank uitgepluk en vervang word deur plastiekreplikas; die oorgroot huise wat hoër en hoër teen die berg oprys. Die nuwe straatligte wat lyk soos goedkoop braaitange, kolonies dennebome wat teen hoë onkoste afgesaag word, 'n gebou in Heritage Square wat idioties gerestoureer is in gaskamer-groen. <u>Om nie eens te praat van Chapmanspiek nie.</u>

3. Oor die jare was daar straatmoleste (party het selfs koerantopskrifte gehaal) toe desperate mense probeer het om die atmosfeer te behou: 'n titseltjie siel, selfs 'n boom.

4. Onlangs was daar die debakel oor die Lutherse kerk in Strandstraat. Hierdie stukkie landskap het plesier gegee aan die verbyganger. 'n Amerikaanse toeris, teleurgesteld in die Kaap se argitektuur, het glo toe hy by die Lutherse kerk verbystap, geskree: "Wag, wag, ek dink ek het iets moois gesien!"

5. Die erfenisgesante is benoud oor dié ontwikkeling. Hulle is ontstig oor die mogge't troffe-planne, onder meer vir 'n parkeergarage bo-op 'n 18de-eeuse pakskuur.

6. Ek besoek Marie-Lou Roux (81) by haar huis in Vredehoek die dag nadat die Habitatraad, 'n nie-regeringsorganisasie waarvan sy die uitvoerende hoof is, hofstukke teen die pakskuur-planne by die hooggeregshof ingedien het.

7. Marie-Lou se klein woonstelletjie is propvol papiere. "Ek durf nie skoonmaak nie," sê sy.

8. Sy kan datums, vreemde slim plannetjies en appèlaansoeke teen appèlaansoeke aframmel. Sy ken ook die listigheid in die voortslepende onderonsie oor wat nou bekend staan as die Lutherse kerk-ontwikkeling.

9. Marthinus van Bart, erfenisredakteur van *Die Burger*, het dié ontwikkeling, wat die argitektoniese geskiedenis van Kaapstad kan ontsier, aan die kaak gestel. Intussen wag ons op die uitkoms van 'n saak wat, in die woorde van die historikus Hans Fransen, "die res van Kaapstad sal sterk in hul kwaad om te maak soos hulle wil".

10. Dis nie asof daar geen wette is as dit by erfenis kom nie. Daar is tonne van hulle.

11. Maar groot ontwikkelaars wat hulle verlaat op bullebaktaktieke en olierige argitekstaal (" 'n balans tussen ikoniese vorm en deurvloei met die straat") kry dikwels toestemming in stedelike bewaringsgebiede deur te beloof om die gebou te laat saamsmelt met die omgewing en ander onbereikbare beloftes.

12. Ek het weggetrek uit my pragtige ou huis in Vredehoek, want toe ek durf kla oor 'n voorgestelde ontwikkeling met 32 woonstelle reg langs my huis, is 'n dagvaarding dadelik aan my beteken om my stil te maak. Ek moes myself teen 'n taamlike koste

verdedig, hoewel ek niks onwettigs gedoen het nie.

13. Bullebaktaktieke is nie onbekend in die wêreld van multi-miljoenrand- ontwikkelings nie. Dikwels word ou huise gelos om tot niet te gaan met 'n taktiek wat Roux noem "opsetlike verwaarlosing". Helaas wen die eensame burger selde, en juis daarom moet iemand soos Marie-Lou Roux toegejuig word.

14. As ek na Kaapstad kyk, is dit soos om na 'n ou vriendin te kyk wie se tande verwyder is.

15. Daar is iets onderduims aan aftakeling. In die apartheidsjare was Kaapstad 'n klein, wit stadjie. Dis nou 'n reuse-multikulturele metropool.

16. Slim stadsbeplanning behoort ons harmonieus te verbind. Pleks daarvan bevind ons ons in 'n warboel van pretensie en gierigheid. Eens stil voorstede soos Vredehoek, Bantrybaai en Kampsbaai het die domein geword van superhuise met dekke, balkonne en oorversierde ingange.

17. Dit is tyd dat ons almal ons moue oprol en nie meer toelaat dat ons geteister word deur wettelose mense met te veel geld en te min smaak nie.

18. Amsterdam is digbevolk, maar het dit tog reggekry om sy eeue oue silhoeët langs die moderne te behou.

19. Iets moet meegee – asseblief, moenie toelaat dat dit ons oudste en mooiste geboue is nie.

20. Soos 'n gereelde oorsese besoeker gesê het: "Elke keer as ek hier kom, sien ek minder en minder van die Kaapstad wat ek geken het en waarvoor ek lief geword het."

[Aangepas uit: ***Die Burger***, 11 Mei 2013]

**Vrae:**

1.1 Wat is, volgens paragraaf 1, die skrywer se houding teenoor die werk van die *rekenaar-ondersteunde-ontwerpjokkies*? Motiveer jou antwoord. (2)

1.2 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die onderstreepte sin in paragraaf 2? (2)

1.3 Noem twee spesifieke aspekte van die ontwikkeling van Kaapstad waarteen die skrywer in paragraaf 2 beswaar aanteken. (2)

1.4 Wat word, in die konteks van die leesstuk, met "*straatmoleste*" (paragraaf 3) bedoel? (1)

1.5 Is die staaltjie oor die Amerikaanse toeris (paragraaf 4) 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord. (2)

1.6 In paragraaf 5 word verwys na "*erfenisgesante* ". Verduidelik waarom Marie-Lou Roux en die habitatraad, na wie daar in paragraaf 6 tot 8 verwys word, as erfenisgesante beskou kan word. (2)

1.7 Paragraaf 11 begin met die woord "Maar". Watter soort verband word deur hierdie woord tussen paragrawe 10 en 11 geskep? (1)

1.8 Verduidelik die doel met die insluiting van die gedeelte wat in paragraaf 11 tussen hakies staan. (2)

1.9 Verduidelik in twee volsinne hoe die inhoud van paragraaf 12 die inligting oor ontwikkelaars wat in paragraaf 13 verskaf word, ondersteun. (4)

1.10 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A, B, C of D) langs die vraagnommer neer.
Die woord "ons" in die eerste sin van paragraaf 16 verwys na …

A. die ryk en arm inwoners van Kaapstad
B. Kapenaars en toeriste
C. bewaarders en ontwikkelaars
D. die verskillende kultuurgroepe in Kaapstad (1)

1.11 Haal twee woorde aan (een woord uit paragraaf 16 en een uit paragraaf 17) wat op negatiewe eienskappe van ontwikkelaars dui. (2)

1.12 Wat bepleit die skrywer implisiet in paragraaf 18 ten opsigte van Kaapstad? (2)

1.13 Stem jy saam met die skrywer se houding teenoor ontwikkeling? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

**Teks 2: Spotprent**



Nie speletjies om so 'n plek te laat werk nie.

1.14 In die artikel (Teks 1) word ontwikkelaars daarvan beskuldig dat hulle die natuur vernietig. Watter visuele bewys is daar in die spotprent (Teks 2) dat die ontwikkelaars van die Kaapstad-stadion wel die natuur in ag geneem het? (1)

1.15 Kyk na die gedagteborrel by die berg (Tafelberg). Watter woord in paragraaf 13 van die artikel (Teks 1) sluit aan by die gedagteborrel in die spotprent (Teks 2)? (1)

1.16 Skryf twee woorde uit die spotprent (Teks 2) wat op woordspeling dui, neer. (1)

1.17 Kyk na die advertensie/ plakkaat in die spotprent (Teks 2). (Agtergrond: Jukskei is ‘n sportsoort waaraan ‘n klein getal mense deelneem. Dysselsdorp en Avontuur is twee kleinerige dorpe in die Eden en Karoo-distrik).
Hoe spot die inhoud van die plakkaat na jou mening met die Kaapstad-stadion? (2)

1.18 Die Kaapstad-stadion se spraakborrel (Teks 2) verwys na die feit dat daar sedert die afloop van die Wêreldbeker- sokkertoernooi geen of min sport by die stadion plaasgevind het. Wat is die gevolglike gemoedstemming van die stadion volgens die spotprent? (1)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [30]**

**WKOD, JANUARIE 2014**

***Let Wel:*** *Gesamentlik oorskry die onderstaande leesstukke die vereiste lengte vir Leesbegrip in Gr 12, maar ter wille van die oefening word dit wel hier ingesluit.*

Lees onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS A**

**SA woede oor leeujag**

1. Iets omtrent die foto van die vrou by die dooie maanhaarleeu het Suid-Afrikaners die josie in gemaak.

2. Dalk was dit die groot glimlag van Melissa Bachman, ’n fanatiese jagter en aanbieder van ’n gewilde jagprogram op Amerikaanse TV.

3. Dalk was dit omdat sy die foto, wat in ’n reservaat in Limpopo geneem is, op 1 November aan haar duisende volgelinge op Twitter gewys het.

4. Dalk was dit omdat dit een van ons Groot Vyf is en Bachman gekoer het oor hoe mooi die leeu vir haar was.

5. Dié aanbieder van die Amerikaanse program Winchester Deadly Passion het gelukwense van haar Amerikaanse aanhangers ontvang, maar Suid-Afrikaners noem haar ’n “siek mens” en meer as 9 000 mense het reeds ’n petisie onderteken om haar uit Suid-Afrika te hou.

6. “Jy het ’n hulpelose dier se lewe geneem vir die lekkerte. Mense soos jy moet geskiet word,” het een gesê.

7. Só venynig was die kommentaar dat Bachman later haar Twitter-profiel gekanselleer het.

8. Dit is nie die eerste keer dat Bachman, van Minnesota in Amerika, onder druk van anti-jaggroepe kom nie.

9. Verlede jaar sou sy in National Geographic se televisieprogram Ultimate Survivor Alaska verskyn het, maar dit was van die baan nadat ’n petisie teen haar binne 24 uur 13 000 handtekeninge op die webblad Change.org gekry het.

10. In haar jagprogram wys sy hoe sy in verskillende lande met gewere of ’n kruisboog jag.

11. En dan staan sy weer glimlaggend by ’n trofee.

12. Bachman jag al van kleins af en foto’s van die jakkalsies en voëls wat sy al geskiet het, pryk op haar webblad.

13. Deesdae jag sy van krokodille tot bere en leeus.

14. Bachman het in die Maroi-bewaringsgebied in Limpopo gaan jag, maar haar leeu is in ’n ander gebied geskiet, sê Lourens Mostert van Maroi.

15. “Ons het nie leeus by ons nie, so die leeu is uitgekontrakteer by ’n ander jagonderneming,” sê Mostert.

16. Hy sê Bachman het onder meer njalas by Maroi gejag voor haar leeujag.

17. “Alles was wettig gedoen; sy het al die nodige toestemming gehad. Dit is nie die eerste leeu wat in die land gejag is nie.”

[***Rapport***, 17 November 2013]

## TEKS B

**Wat bly oor vir die nageslag?**

deur Kobus du Plooy, Durban

1. Die berig “SA se woede oor leeujag” (Rapport, 17 November) was skokkend. Die foto’s is afskuwelik.

2. Dit lyk asof ons inderdaad met ’n ander vorm van terrorisme te doen het: die uitwissing van ons dierelewe. Mens wonder wat vir die nageslag gaan oorbly.

3. “Eko-toerisme” in hierdie land is ’n grap. Dit het ’n gerieflike cliché geword wat jagmal- en bloeddorstige egoïste help om hul vernietigingslus uit te leef.

4. Dit is tyd dat hierdie jagplase ondersoek en indien nodig, geboikot of gesluit word. Die verweer dat ondernemings wat jag bedryf, bydra tot natuurbewaring is snert.

[***Rapport***, 23 November 2013]

## TEKS C

**Verbied jag en ‘mens, dier en natuur ly’**
**Niks klop dié bedryf se inkomste**

1. Die Amerikaanse TV-aanbieder en jagter Melissa Bachman se leeujag in Suid-Afrika het die afgelope paar weke die tonge los gehad op sosiale netwerke.

2. Dit het opnuut die kollig laat val op die Suid-Afrikaanse jagbedryf, en veral trofeejag het onder kritiek deurgeloop.

3. Die beroepsjagtersvereniging van Suid-Afrika (Phasa) het in sy reaksie gewys op die aansienlike ekonomiese voordele wat die jagbedryf vir Suid-Afrika bied – voordele wat volgens Adri Kitshoff, uitvoerende hoof, nie deur natuurbewaring alleen verkry word nie.

4. Phasa laat tans navorsing hieroor deur die Noordwes-Universiteit doen en voorlopige bevindings bereken dat elke buitelandse jagter gemiddeld R127 000 per besoek bestee. Dié bedrag sluit nie die vlugkoste in nie.

5. “Onthou, buitelandse jagters kom nie net skiet en vlieg nie, hulle gaan op ekspedisies, koop klere en ammunisie, laat diere opstop en kom dikwels weer terug, dié keer saam met vriende of familie.”

6. Sy wys daarop dat jagtogte nie in nasionale parke, wat in elk geval deur baie toeriste besoek word, gedoen word nie, maar in afgeleë gebiede waar toeriste dikwels nie uitkom nie en waar die grond nie geskik is vir enige volhoubare boerdery behalwe wildboerdery nie.

7. Deel die jagbedryf dan hoegenaamd enige van sy ekonomiese voordele en inkomste met die omliggende gemeenskappe?

8. Kitshoff wys op die voorbeeld van Botswana, waar die regering ’n verbod op jag geplaas het.

9. “Daar was gemeenskappe wat heeltemal afhanklik was van die groot jagondernemings wat safari’s vir buitelandse jagters gereël het.

10. “Hulle het klinieke gebou, boorgate gesink, paaie gelê – vir daardie gemeenskappe het die wild waarde geskep wat nou nie vervang kan word nie.”

11. In Suid-Afrika word bereken dat die wildbedryf drie keer meer mense in diens neem as konvensionele landbou, volgens Fred Camphor, president van die Suid-Afrikaanse Jagters-en-wildbewaringsvereniging (SAJWV), wie se 36 000 lede hoofsaaklik geleentheids- en benuttingsjagters is, nie trofeejagters nie.

12. Kitshoff is skepties daaroor of fotografiese ekspedisies dieselfde voordele as jagekspedisies kan skep.

13. “Dis eenvoudig nie so winsgewend nie. ’n Groot reservaat soos Timbavati het bevind dat hy R1 miljoen met die jag van ’n enkele witrenoster kan inbring, ook om sy teenstropingsaktiwiteit te finansier. Dit sal ongeveer 18 000 bednagte verg om dieselfde bedrag met gewone toerisme te verdien.”

14. Selfs uit die natuurbewaringsektor is daar pragmatiese erkenning dat hy nie sonder die geldelike steun van die jagbedryf kan klaarkom nie.

15. “In Afrika is trofeejag die vernaamste bron van inkomste vir groot afgeleë wildernisgebiede buite natuurreservate,” sê dr. Luke Hunter, president van die niewinsgewende bewaringsorganisasie Panthera.

16. Hunter sê hy verafsku trofeejag, maar besef dat nie alle vorms van jag noodwendig sleg is vir leeus nie.

17. “Jag kan volhoubaar wees wanneer konserwatiewe kwotas ingestel word en slegs ouer leeumannetjies gejag word.”

18. Hy sê die handvol jagters wat afgeleë jagvelde besoek, help dié gebiede bewaar.

19. “Hulle voorsien ekonomiese argumente vir Afrika-regerings om safarigebiede ongerep te hou. Daarsonder begin dit na ’n aantrekliker alternatief lyk om beeste en gesaaides daar in te stoot.”

Bronne: Phasa, SAJWV en die departement van omgewingsake

[***Rapport***, 2 Desember 2013]

Vrae:

**Teks A**

1. Wat kan jy aflei uit die feit dat paragrawe 2, 3 en 4 in Teks A elkeen met die woord “Dalk” begin? (2)
2. Wat is die hoofgedagte van paragraaf 5? (2)
3. Wat word bedoel met “siek mens” in paragraaf 5? (1)
4. Waarna verwys “’n trofee” in paragraaf 11? (1)
5. Skryf die woorde uit paragraaf 16 neer wat toon dat Bachman njalas en ander diere by Maroi gejag het. (1)

6. Dink jy Mostert stem saam met ander Suid-Afrikaners se negatiewe reaksie op Bachman se leeujag? Motiveer jou antwoord deur na die slotparagraaf te verwys. (2)

**Teks B**

7. Wat is die verband tussen Teks B en Teks A? (2)
8. Skryf drie woorde uit paragrawe 1 tot 3 neer wat die skrywer se negatiewe gevoel oordra. (3)
9. Herlees paragraaf 4. Tot watter moontlike aksie roep die skrywer hier
9.1 die breë publiek en (1)
9.2 die regering op? (2)

**Teks C**

10. Watter twee sake word in paragraaf 3 teenoor mekaar gestel? Skryf slegs twee woorde as antwoord neer. (2)
11. Herlees paragraaf 11 en jou antwoord op vraag 4 hierbo. Verduidelik wat die verskil tussen ‘n *benuttingsjagter* en ’n *trofeejagter* is. (2)
12. In paragrawe 8, 9 en 10 verskaf die uitvoerende hoof van die beroepsjagters-vereniging van Suid-Afrika (Phasa) ’n antwoord op die vraag wat in paragraaf 7 gestel is. Dui aan of hierdie antwoord na jou mening aanvaarbaar of onaanvaarbaar is en motiveer jou antwoord. (3)
13. Wat dink jy is die verskil tussen *fotografiese ekspedisies* en *jagekspedisies* (paragraaaf 12)? (2)
14. Watter twee voorwaardes stel dr. Luke Hunter, president van die bewarings-organisasie Panthera, in paragrawe 15 tot 18 vir jag? (2)
15. Wat verstaan jy onder die frase “om safarigebiede <u>ongerep</u> te hou” in paragraaf 19? (1)
16. Wat sou volgens paragrawe 18 en 19 gebeur indien daar nie in afgeleë gebiede in Afrika gejag word nie? (1)

**[30]**

# MEMORANDUMS

## WKOD, Voorbeeldvraestel September 2011

| | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 1.1 | Deur sy spraakprobleem✓ het hy sy menslikheid geopenbaar✓, (maar tog altyd waardig sy man gestaan.) | 2 |
| 1.2 | Bertie het blou bloed gehad✓ (was van adellike afkoms) en dit het vereis dat mense wat in sy nabyheid kom nie te eie moet raak nie. ✓ | 2 |
| 1.3 | Logue se medemenslikheid✓ en reguit blik (kyk) ✓ | 2 |
| 1.4 | Die toneelspel/ karakteruitbeelding✓ | 1 |
| 1.5 | Rush vertolk hierdie soort rol baie <u>maklik/ sonder inspanning/ moeite.</u> ✓ | 1 |
| 1.6 | Firth se vertolking van die karakter Bertie raak die kyker aan/ is treffend/ is aangrypend✓ (Nie 'n idioom in die plek van "is dadelik in jou hart" nie.) | 1 |
| 1.7 | al hou jy nie van /gee jy nie om vir/ steur jy jou nie aan/ ✓ die Britte en hul beheptheid met koninklikes nie. (Enigeen) | 1 |
| 1.8 | Die naam van die uitgewer /die prys✓ (Enigeen). | 1 |
| 1.9 | Alle lewenstories is nie ewe interessant nie. ✓ | 1 |
| 1.10 | Die stories word in die regte tempo ✓vertel en die vertelwerk is goed. ✓ | 2 |
| 1.11 | Mening✓. Die skrywer gebruik die woord "waarskynlik". ✓ | 2 |
| 1.12 | Behalwe die briewe en dagboekinskrywings is ander bronne ook gebruik om die boek te skryf. ✓ OF Die boek is nie net op briewe en dagboekinskrywings gegrond nie. ✓ (Enigeen) | 1 |
| 1.13 | Die Britte wys nie graag emosie nie/ is feitlik emosieloos.✓ (in dié trant) | 1 |
| 1.14 | die boek en die film ✓ (Moet beide skryf vir een punt) | 1 |
| 1.15 | "sonder enige kwalifikasies" ✓ | 1 |

**WKOD, September 2012**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 1.1 | Mening. ✓ Die SKA sal in ‘n week “waarskynlik✓” meer inligting insamel. | 2 |
| 1.2 | Die terrein moes afgeleë genoeg wees vir radiostilte✓ sodat die teleskoop optimaal kan werk, maar nie so ver verwyderd dat infrastruktuur te duur sou wees nie✓ | 2 |
| 1.3 | “optimaal” ✓ | 1 |
| 1.4 | “hoogte bo seespieël”✓ en “robuuste implementeringsplan”✓ | 2 |
| 1.5 | Twee-derdes van die SKA-radioteleskoop= projek sal in Afrika gevestig word, ✓ met ’n derde in Australië en Nieu-Seeland. ✓ | 2 |
| 1.6 | “by konsensus” ✓ | 1 |
| 1.7 | Niemand luister gewoonlik na Afrika se klagtes nie✓✓ OF Australië se mening/ klagtes word belangriker geag as dié van Afrika✓✓ | 2 |
| 1.8 | Toerisme wat gebaseer is op wetenskapsbeoefening / toerisme na plekke van wetenskaplike belang ✓ | 1 |
| 1.9 | armoede✓ en werkloosheid (werkskaarste) ✓ | 2 |
| 1.10 | Sy het gemeen dat Carnarvon ‘n niksbeduidende plek is / Sy was negatief ingestel teenoor die dorp / Sy het gemeen dat Carnarvon ver is. (In dié trant). ✓ | 1 |
| 1.11 | C / Carnarvon in die middel van die SKA-terrein geleë is. | 1 |
| 1.12 | Albei verwys na die **kompetisie** met Australië. ✓ OF Albei verwys na die feit dat die projek met Australië **gedeel** word. ✓ | 1 |
| 1.13 | Hy stel nie werklik in wetenskap/ teleskope belang nie✓ OF Hy is onkundig oor die wetenskap/ teleskope ✓OF Hy stel net belang in die ekonomiese voordele van die projek✓ | 1 |

| **TEKS 1: Wegrikaans: loslit of korrek?** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | Dit verwys na die manier✓ waarop die tydskrif *Weg* Afrikaans gebruik.✓ | **2** |
| 1.2 | Hy lees joernaliste en lesers se stories✓ en kyk na hul foto's. ✓ | **2** |
| 1.3 | Die heel lekkerste van sy werk by *Weg* is om te lees hoe joernaliste en lesers✓ met woorde✓ op eg Afrikaanse en Suid-Afrikaanse manier lewe gee aan 'n plek of ervaring. ✓ | **3** |
| 1.4 | In Afrikaans kan die siel van wie Afrikaanssprekendes is ✓die beste verwoord word. ✓ | **2** |
| 1.5 | "miskien" / "Dis amper asof …" ✓<br>*(Enige een)* | **1** |
| 1.6 | *Weg* steek alreeds die grens tussen standaard-Afrikaans en braaivleisvuur-Afrikaans oor. ✓✓ | **2** |
| 1.7 | tussen standaard-Afrikaans en braaivleisvuur-Afrikaans ✓✓ OF tussen informele/ loslit-Afrikaans en standaard-Afrikaans ✓✓ | **2** |
| 1.8 | Dit is woorde wat sommige skrywers gebruik omdat hulle te lui is om die regte, standaard-Afrikaanse woord op te soek. ✓✓ | **2** |
| 1.9 | Woordeboeke / spelreëls/ die AWS ✓<br>*(Enige een)* | **1** |
| 1.10 | Hy is nie seker wat korrekte Afrikaans is nie/ Hy is nie seker wat die term "korrekte Afrikaans" beteken nie. ✓✓ | **2** |
| 1.11 | Die Engelse woord *tyre* is een van die woorde wat so ingeburger by Afrikaanssprekendes geword het dat dit al as 'n Afrikaanse woord beskou word. ✓✓ | **2** |
| 1.12 | Die Weg-leser moet laat weet wat sy/ haar mening oor die tydskrif se taalgebruik is / of hy/sy tevrede met die tydskrif se loslit-Afrikaans is. ✓✓ | **2** |
| 1.13 | Kandidaat se eie mening. Die motivering bepaal die punt. ✓✓ | **2** |
| **TEKS 1: Tabel** | | |
| 1.14 | die Noord-Kaap ✓ | **1** |
| 1.15 | Gauteng. ✓ Nie een van die tale oorheers die ander nie ✓ | **2** |
| 1.16 | Kandidaat se eie mening. ✓✓<br><br>*Die kandidaat moet die volgende duidelik stel:*<br>• *sy/ haar <u>aanname</u> oor die gebruik van Afrikaans as eerste taal*<br>• *hoe die statistiek hierdie aanname <u>bevestig</u> of <u>weerlê</u> het* | **2** |
| | **TOTAAL AFDELING A** | **30** |

**WKOD: SEPTEMBER 2014**

**Teks 1: ARTIKEL**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Die skrywer voel negatief✓ teenoor hul werk, want hulle het die Atlantiese kusstrook en die hawegebied mismaak.✓ | (2) |
| 1.2 | Hierdie sin toon aan dat (die veranderinge aan) Chapmanspiek✓ een van die grooste bewyse is van hoe Kaapstad verwoes word.✓ | (2) |
| 1.3 | Die afsaag van bome✓/ die vernietiging/sloping van ou geboue/✓ ontwikkeling teen berghange/✓ verkeerde restourasie✓ (*Enige twee*) | (2) |
| 1.4 | Protesoptrede/ protesoptogte/ betogings/ Plakkatoptogte✓ (*Enige een*) | (1) |
| 1.5 | Mening.✓ Die woord "glo" ✓dui aan dat dit bespiegeling is en nie noodwendig werklik gebeur het nie. | (2) |
| 1.6 | Marie-Lou Roux en die Habitatraad beywer hulle vir die bewaring van (Kaapstad se) (argitektoniese) erfenis.✓✓ | (2) |
| 1.7 | 'n Teenstellende/ kontrasterende verband✓ | (1) |
| 1.8 | Die gedeelte tussen hakies is 'n voorbeeld✓ van die (olierige) argitekstaal wat groot ontwikkelaars gebruik.✓ | (2) |
| 1.9 | Paragraaf 12 illustreer die bullebaktaktieke✓ wat ontwikkelaars volgens paragraaf 13 gebruik.✓ Die feit dat die skrywer uit haar huis moes trek✓, toon ook dat eensame burgers nie teen die groot ontwikkelaars wen nie.✓ | (4) |
| 1.10 | D/ die verskillende kultuurgroepe in Kaapstad✓ | (1) |
| 1.11 | Paragraaf 16: "gierigheid"✓; Paragraaf 17: "wettelose".✓ | (2) |
| 1.12 | Die ou geboue✓ moet langs die moderne behou word.✓ | (2) |
| 1.13 | Leerder se eie mening met gepaste motivering – die motivering bepaal die punt | (1) |
| **Teks 2: SPOTPRENT** | | |
| 1.14 | bome/ struike rondom stadion✓ | (1) |
| 1.15 | "multimiljoenrandontwikkelings"✓ | (1) |
| 1.16 | speel; speletjies✓<br>*Albei woorde vir 1 punt* | (1) |
| 1.17 | Die stadion is vir internasionale sport gebou waarin baie mense belang stel ✓, maar word nou net gebruik vir 'n feitlik onbekende sportsoort waaraan min mense deelneem / waarin min mense belang stel.✓ | (2) |
| 1.18 | Hartseer | (1) |
| | | **[30]** |

**WKOD, JANUARIE 2014**

1. Die skrywer is <u>nie seker</u>✓ waarom die foto van die vrou by die leeu Suid-Afrikaners kwaad✓ gemaak het nie. (2)
2. Melissa Bachman se Amerikaanse aanhangers beskou haar as 'n held✓, terwyl Suid-Afrikaners nie van haar hou nie.✓ OF
   Mense het uiteenlopende sienings oor Melissa Bachman. ✓✓ (2)
3. 'n mens met verwronge/ verkeerde waardes (in dié trant) (1)
4. 'n beker wat as prys gewen is of (in jagterme) die afgesaagde kop van 'n dier wat jy self doodgeskiet het. (1)
5. "onder meer" (1)
6. Ek dink nie hy stem met hul sienings saam nie. Die feit dat hy sê dis nie die eerste leeu wat in die land gejag is nie, impliseer dat hy nie verstaan waarom daar nou so 'n bohaai opgeskop word nie. (2)
   (*Let wel: Slegs een afleiding is uit die teks moontlik. Die afleiding dat hy met hul sienings saamstem, is nie uit die teks moontlik nie)*
7. Teks B bevat 'n leser se reaksie op Teks A./ Albei tekste handel oor Melissa Bachman se leeujag en die foto daaroor wat in die koerant verskyn het. / Teks B is 'n voorbeeld van een Suid-Afrikaner se negatiewe reaksie op Melissa Bachman se leeujag en die foto wat in die koerant verskyn het. (2)
8. "skokkend", "afskuwelik", "terrorisme", "uitwissing", "jagmal", "bloeddorstige", "vernietigingslus" (*Enige drie woorde*) ✓✓✓ (3)
9.
   9.1 Die breë publiek moet die jagplase **boikot** ✓ (1)
   9.2 Die regering moet die jagplase **ondersoek**✓ en **sluit**✓, indien nodig. (2)
10. jag/ jagbedryf✓ X natuurbewaring✓ (2)
11. 'n *benuttingsjagter* jag omdat hy die diere wat hy gejag het, wil gebruik✓, terwyl 'n trofeejagter jag omdat hy wil spog✓ met die diere wat hy doodgeskiet het. (2)
12. Leerder se eie mening met toepaslike, teksverwante motivering.
    <u>Moontlike motivering vir "aanvaarbaar"</u>: In Botswana het die jagbedryf gesorg dat klinieke, boorgate en ander infrastruktuur aangebring word wat die gemeenskappe kon bevoordeel.
    <u>Moontlike motivering vir "onaanvaarbaar"</u>: Kitshoff verwys na hoe die jagbedryf die gemeenskappe van Botswana bevoordeel het, maar nie na Suid-Afrikaanse gemeenskappe nie. **OF**: Kitshoff verwys na infrastruktuur wat aangebring is, maar dit beteken nie noodwendig dat die gemeenskappe ekonomiese voordeel daaruit kon put nie. (3)
13. Tydens *fotografiese ekspedisies* word foto's van wilde diere geneem✓ en tydens *jagekspedisies* word wilde dier doodgeskiet✓. (2)
14. Konserwatiewe kwotas✓ moet ingestel word en slegs ouer leeumannetjies✓ moet gejag word. (2)
15. om te sorg dat safarigebiede nie beskadig of besoedel word nie/ om safarigebiede skoon te hou. (1)
16. Die safarigebiede sou vernietig word / Daar sal in die safarigebiede geboer word. (1)

**[30]**